KOMMUNIKAMMA 10 MEI 2020

Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:
U blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

GEDAGTE VIR DIE WEEK

MOEDERSDAG

Dankie aan alle moeders wat van hierdie wêreld ’n beter plek maak om in te bly.
Paulus skryf aan die jongman Timoteus in 2 Timoteus 1:5: “Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.” Dankie vir elke moeder, wat soos Timoteus se ouma en ma, geloof van geslag na geslag help vorm. Mag die Here vir julle wonderlik seën. Ons is lief vir julle!

“Een gelowig ma kan meer vermag as ’n honderd predikers.” (Abraham Lincoln)

EREDIENSTE

Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy “SUBSCRIBE” sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

SAKE VIR GEBED:

Jan Schnetler se dogter is oorlede.
Adele Landman se suster is oorlede
Leon Pienaar moet gaan vir verdere behandeling.
Stacy Frazenburg gaan vir verdere medieste toetse

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

10 Mei	Hennie Botha, Eugene van Rooyen en Danie van Wyk
11 Mei	Quin Horn, Tiens JvRensburg, Madeleine Nienaber, Julien Postma, Austin Roets, Samuel Saunders en Rika Terblanche
12 Mei	Johanna Fourie, Jeanne JvRensburg, Faan Nieuwoudt, Pieter Schoeman, Neels Snyman, Karla Vermaak en Rian Viljoen
13 Mei	Lenie Postma en JF van Niekerk
14 Mei	Carter Loftie-Eaton en André Vivier
15 Mei	Kian die Koning, Heindrich du Preez en Johan Smit
16 Mei	Maria Latsky, Chante Minnie, Willie Swanepoel en Nico vd Berg

NOOD

Indien iemand enige nood het of hulp nodig het, kontak ons. Laat weet asseblief ook as u ’n enkellopende of ouer persoon is wat hulp nodig het met iets soos bv aankope.

BBP ISOLASIE FEESERASIE
(BBP staan vir **B**lom waar jy geplant is, **B**raai en **P**annekoek) op 30 Mei 2020

Omdat Kermis nie tydens inperking kan plaasvind nie, het ons dit voorlopig verskuif na Vrydag 30 of Saterdag 31 Oktober 2020.

Ons wil egter steeds feesvier!! Ons vier 'n dankbaarheidsfees oor al ons seëninge wat te veel is om te tel. En feesvier is 'n noodsaaklike deel van ons lewens. Inligting is reeds op Wattsapp uitgestuur en u kan ook op ons webblad gaan kyk.

HULP AAN PE-NOORD
Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 160 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en, teen Woensdag 6 Mei, is reeds R 11 700 inbetaal. Ons betaal die kontant aan PE Noord oor waarmee hulle dan kos aankoop. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Inligting is reeds op Wattsapp uitgestuur en u kan dit ook op ons webblad kry.

WHATTSAPP VIDEO
Indien iemand sukkel met data en verkies om 'n baie kort opsomming van sondag se boodskap as Wattsapp video te ontvang, kontak vir Niekie.

KOMMUNIKASIE
Indien jy nog nie die gemeente se WHATSAPP KOMMUNIKASIE ontvang nie, stuur asseblief jou naam in 'n WhatsApp aan 071 493 5998. Maak seker dat jy hiérdie nommer as 'n kontak op jou foon stoor om sodoende die nuutste gemeente inligting te ontvang.

DANKOFFER
Die eerste 2 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.
Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.
Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word. Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005